****

LIEWE SUSTERS,

Eerskomende Saterdag 6 April vind die Dienssentrum se jaarlikse **Sprankeltee** plaas.

Tema: ***Leef met Selfvertroue.*** Gasspreker: Lynette Beer

Gaskunstenaar: Dewald Wasserfal. Tyd: 8:30 vir 9:00

Kom geniet 'n gesellige oggend saam met vriendinnne terwyl u ontspanne agteroor sit en luister na Lynette se praatjie, en Dewald se sang geniet.

Kontak my gerus. Amanda du Plessis 082 444 2319. Kaartjies kos R200.

****

Mense **BY DIE KRUISIGING**

Dié blokkiesraaisel het die name van mense wat in die Evangelies genoem word tydens die kruisiging se gebeure. Voltooi dit aan die hand van Matteus, Lukas en Johannes.



DWARS

4. Die dissipel wat Jesus verloën (Johannes 18:15).
5. Die profeet wat verkondig het van die dertig silwermuntstukke wat die verraaier kry (Matteus 27:9).
7. Die gevangene wat losgelaat word (Matteus 27:21).
9. Die soldaat wat se oor afgekap word (Johannes 18:10).
10. Die skoonvader van die hoëpriester (Johannes 18:13).

AF

1. Naam van Jesus se verraaier (Matteus 26:47-48).
2. Man uit wie se magsgebied Jesus kom (Lukas 23:6-7).
3. Man van Sirene wat die kruis help dra (Matteus 27:32).
4. Die goewerneur wat Jesus verhoor het (Johannes 18:28-29).
5. Man van Arimatea wat Jesus se liggaam geneem het om Hom te begrawe (Matteus 27:57).
6. Aanspreekvorm vir Jesus (Matteus 26:49).
8. Die hoëpriester wat Jesus verhoor (Johannes 18:13).

Daar is nog inkleurprente op die webblad van die Jeugdeputate beskikbaar by gkjeug.co.za

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 35, nr 10 Sondag 31 Maart 2019

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402

rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: Wyk B5 **Paul Schutte,** B6 is **Flip Mostert** diakens wyke B5 **Terence Kent** en B6 **vakant.**
Bussiediens: Vandag ry **Gert Kruger** 072 314 5534
Sondag **7 April** ry **Terence Kent** 072 617 7553

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE

Oggend prof Callie Coetzee,
aandprof Albert Coetsee

OGGEND: **Skriflesing:** Klaagliedere 3.

SING: Psalm 146: 1, 3, 6; Psalm 130: 1, 2; Psalm 27: 4, 6; Psalm 4: 2, 3.

AAND: Skriflesing: Psalm 24:1 - 10
Fokus: Psalm 24:1-2
TEMA: ***Die Here is Skepper, Heilige, Koning!***
SING: Psalm 104: 1, 2, 17, 18, 20 (voorsang)
Psalm 8: 1 – 4; Psalm 24: 1 – 2; Psalm 24: 3 - 5

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en elke Sondag: Onder die erediens vanoggend vir **Barmhartigheid**. By deure vir **Teologiese Studentekas.**
Vanaand se kollektes is ten bate van Gereformeerde Kerk Cachet. Onder die erediens vir **Barmhartigheid** en by die deure vir **Cachet se boufonds**
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir **ons Jeug**

Dagboek

1 Apr: **NWU klasse begin**
2 Apr: **Skole open**
7 Apr: **Paas-uitvoering Potch Mannekoor Sondag na aanddiens**
9 Apr: **Eiendoms-kommissie om 18:00**
19 Apr: **Goeie Vrydag**
21 Apr: **PAASFEES**

LIEF EN LEED

DANKBAARHEID EN VREUGDE

Daar was die afgelope week groot blydskap in die gesin van Bennie en Wouna van den Berg. **Selouna Visser,** hulle kleindogter het haar honneursgraad ontvang in Rekenaarswetenskap en Inligtingstegnologie met Rekenaar- en Inligtingstelsels. Ons is saam met die gesin dankbaar temeer omdat Selouna as gevolg van spirale spieratrofie vanaf haar 8ste jaar in 'n rystoel moet beweeg. Ons dra haar op aan die troue sorg van ons Hemelse Vader en wens haar alles van die beste toe met verdere studies.

VAN ALLES EN NOG WAT



KATEGESE

Volgende kategese is weer op Sondag 7 April.
Sondag 7 April moet julle **Les 8** en **Psalm 119: 22A** ken.
Maandag 8 April lees *Laat my lammers wei.* Hoofstuk 75.

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.

AMPSDRAERS

Die volgende broeders word as ouderlinge en diakens aan die gemeente voorgehou.
As ouderlinge: Pieter Glöy, Faans Steyn, Gert van Blerk, Jasper Dreyer, Gert Jacobs.
As diakens: André Joubert, Jan Riekert, Johan Viljoen, Marten Boersema en Benjamin Boersema.

VERGADERINGS

9 April: Eiendomskommissie vergader om 18:00 in die kantoor
17 April: Finansiëlekommissie vergader om 18:00.

Die volgende onderhoud op Pretoria FM met die Redakteur van *Die Kerkblad* word op **Sondag 7 April** tussen 07:45 en 08:00 uitgesaai. Luisteraars kan inskakel op 104.2 MHz/106.6 MHz of TV Oudiokanaal 887."

VAN ONS DIAKONIE

Die kollekte vir **Barmhartigheid** Sondag 24 Maart 2019 was R 5 860.
Die kollekte ten bate vir **Ekumenisiteit** (Buitelands) was R 1 810.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens elke doop- en belydende lidmaat wat gedurende hierdie week verjaar, baie geluk met sy/haar verjaardag:

31 Maart **Leone Malan,** Disastraat 12, ☎ 073 376 5321. Wyk B6
1 April **Pieter Wentink,** Esselenstraat 69. Wyk E1
2 April **Theon Chambers,** Vegkoppiestraat 13, ☎ 082 780 4148. Wyk E3
3 April **Peet Buys,** Rosetuin 2 no 14, ☎ 082 717 7738. Wyk B2
Susan Coetzee, Le Rouxstraat 3, ☎ 079 506 5103. Wyk B6
4 April **Nico Spaumer,** Huis Eikelaan S 29, ☎ 084 569 2106. Wyk C3
Anelle Venter, Meulstraat 4, ☎ 082 572 0149. Wyk B3
6 April **Fedde-Paul Bisschoff,** Plot 164. Wyk E3

♫♫♫